



“Eendag” is in ons hande

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Hierdie brief skryf ek met 'n dankbare hart. Ek wil net graag dankie sê vir al die moeite, al die werk en al die ondersteuning wat elkeen by die NHSV vir my bied, want sonder die NHSV sou ek nooit die geleentheid gehad het om te kan studeer nie en sou ek nooit my drome kon verwesenlik nie.

Op 3 Februarie 2020 het die meeste universiteite en tersiêre instansies se akademiese jaar landwyd begin en het menige student blinkoog in die studielokale ingeloop en was 'n deposito op die klaskelde reeds betaal. Hul ondersteuningsnetwerk was dus in plek en hulle kon konsentreer op daardie “eendag” wat in die toekoms wink wanneer hulle suksesvol kan afstudeer en hul droom verwesenlik.

Een van die NHSV se hoofprioriteite is om aandag te gee aan die groei van Suid-Afrika se belangrikste hulpbron – sy jongmense. Die NHSV ondersteun jaarliks al vir dekades tussen 65 en 75 studente wat aan universiteite en ander tersiêre instansies oral in Suid-Afrika studeer. Daardie “eendag” word 'n realiteit met behulp van die NHSV se finansiële ondersteuning aan jong Hervormde lidmate wat hul toekoms en ideale tegemoet loop.

Ons het groot dank en waardering vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir volgehoue ondersteuning en vir die goedkeuring om jaarliks die tweede Sondag in Februarie die geleentheid te mag benut om gemeentes te vra om hul deurkollekte af te staan om die NHSV se Beurs- en Leningsfonds te versterk. Ons sê dus byvoorbaat dankie aan elke lidmaat wat op 9 Februarie 'n bydrae maak tot hierdie verdienstelike saak.

Die NHSV ken jaarliks in Februarie studielenings toe aan Hervormde studente wat aan tersiêre instansies in enige studierigting wil of reeds studeer. Hierdie uitgebreide studiehulp kan ook prestasiebeurse insluit wat wel toegeken word wanneer matrikulante of studente in akademiese, kultuur en/of sport uitsonderlik presteer het die voorafgaande jaar. Merietebeurse word ook toegeken in gevalle van enkelouergesinne, waar meer as een kind in 'n gesin studeer, en in besondere gevalle van finansiële nood in 'n gesin. Besoek gerus ons webblad <https://nhsv.org.za/dokumentasie/> vir die voorwaardes en vereistes van die NHSV se studielenings.

Ons is baie dankbaar vir die bedrag van R181 423 wat gemeentes bygedra het vir die deurkollekte van Februarie 2019. Danksy die oop hand van gemeentes plus die jaarlikse bydraes vanaf NHSV takke, is in 2019 'n totale bedrag van R606 000 toegeken aan 65 aansoekers vir NHSV studiehulp.

Met studente wat hulle voete vind in die nuwe akademiese jaar van 2020, wil die NHSV ook 'n dienende teenwoordigheid in die lewe van jongmense van die Kerk wees deur weer eens uitgebreide studiehulp aan Hervormde studente te bied.

Met hierdie brief wil ek graag dankie sê vir die NHSV lening en merietebeurs wat aan my toegeken is. Hierdie geldelike bydraes asook die lening en beurs wat die NHSV laasjaar aan my toegeken het, maak 'n groot verskil aan my studenterekening. Dankie ook vir die goeie werk wat die NHSV doen, spesifiek ten opsigte van die skep van leer- en ontwikkelingsgeleenthede vir jongmense. Dit beteken meer as wat julle dalk aldag besef.

Mari-lizé Beukes
Voorsitter: NHSV Hoofbestuur

Lief en leed

- **Mev Alida Bezuidenhout** van die Sinodale Dienssentrum (Derdepoort) **se moeder** is Vrydag 31 Januarie oorlede. Ons innige simpatie gaan aan Alida, die kinders en kleinkinders in hierdie hartseer tyd. Die roudiens het Dinsdag 4 Februarie plaasgevind in die Kapel by Avbob Sinoville.
- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 6 Februarie: Dr AMT (Andorette) Hill-Jowett (siekte-emeritaat) en ds JA (Johan) Holtzhausen (Vryburg)
 - o Saterdag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (Paarl)
 - o Sondag 9 Februarie: Di D (Dolf) Bester (Boksburg), IF (Erika) Ferreira (Bellville), LH (Lydia) Miller (Villiers), F (Ferdie) Nortje (emeritus) en F (Freddie) Nortje (emeritus/Bergsig)
 - o Maandag 10 Februarie: Di D (Dalene) Lourens (Selcourt) en IJ (Jaco) Vogel (Rooihuiskraal)
 - o Dinsdag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (Ventersdorp)
 - o Woensdag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (Alberton)
 - o Donderdag 13 Februarie: Ds D (Dewald) Kruger (beroepafwagting)
 - o Vrydag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (emeritus) en ds CP (Larry) van der Walt (Oos-Londen)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
 - o **Eritrea** is 'n veeltalige land en vra voorbidding vir die vertaalwerk om in die verskillende behoeftes te voorsien.
 - o **Etiopië** dank die Here vir wat reeds bereik is danksy die verspreiding van God se Woord.
 - o **Soedan** het baie uitdagings wat oorbrug moet word. Bid asseblief vir die verskillende bevolkingsgroepe en dat daar in hul behoeftes voorsien sal word met Bybelvertalings in hul moedertaal.

Gemeentes en bediening

- **Ds PA (Paul) van Jaarsveld**, sedert 2019 by Montana, het die beroep aangeneem na Wapadrant (Jeugbediening). Hy is op 26 Januarie daar bevestig.
- **Prop N (Natasha) Smit** (beroepafwagting) het die beroep na Witrivier (deeltids) aangeneem en word op 23 Februarie daar georden. Oudl Fred Paynter sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- **Dr RJ (Robert) Jones** (Barberton) het die beroep na Villieria (deeltids) aanvaar.
- Die **akademiese openingsdiens** van UP se **Fakulteit Teologie en Religie** vind plaas op **Vrydag 14 Februarie** van 10:00 tot 11:30 in die Musaion op die Hatfieldkampus. Die diens sal gelei word deur die dekaan, prof Jerry Pillay, en ligte verversings sal na die opening bedien word.
- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) vind plaas op **Woensdag 19 Februarie**.
- 'n **Inligtings- en Besprekingsvergadering** vind plaas op **Woensdag 18 Maart** van 09:00 tot 16:00. Die Kommissie van die AKV sal dan belangrike aspekte van hul strategiese beplanning by die afgelope bosberaad met ringskommissies en predikante deel, en met die gesprek oor 'n herindelings van ringe begin. Elke ring word versoek om minstens twee verteenwoordigers na die Inligtings- en Besprekingsvergadering te stuur.



Ds Paul van Jaarsveld



Prop Natasha Smit



Dr Robert Jones

- **Gemeente Lydenburg** beskik vanaf 1 Februarie 2020 oor 'n **vakante werkrumte vir 'n voltydse predikant**. Vergoeding is volgens die Kerk se vergoedingskale. Benewens ampswerk in die algemeen, is die uitvoering van die bedieningsplan primêr tot die opdrag. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie op die kerkterrein wat deur die suksesvolle kandidaat bewoon moet word.

Die gemeente bestaan uit 322 lidmate. Ongeveer 60% van die lidmate val in die kategorie 50 jaar en ouer. Lydenburg is 'n plattelandse dorp waar hoofsaaklik landbou en mynbou asook verskeie industrieë bedryf word. Die dorp beskik oor uitstekende primêre en sekondêre onderwysinstellings.

'n CV en persoonlike profiel moet na die onderstaande adres gestuur word. Vermelding van ouderdom, diensjare, gesinsamestelling, gade se beroep en huidige pos (indien van toepassing) sal waardeer word. Die aansoek is oop vir enige geleitimeerde predikant of proponent van die NHKA. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, tot die kortlys toe te voeg. Die kerkraad voorsien dat die werkrumte teen die aanvang van die derde termyn van 2020 gevul moet wees. Aansoeke en/of navrae kan gerig word aan die skriba by dawidlag@gmail.com. **Aansoeke sluit op 19 Februarie 2020 om middernag.**

Vergaderings

- Vrydag 7 Februarie: Moderamen
- Dinsdag 11 Februarie: ADV Kommunikasie
- Woensdag 12 Februarie: Ons Tuis Finkom
- Donderdag 13 Februarie: Rata Finkom
Gekombineerde Finkom
ADV Dagbestuur

Kerklieke publikasies



Barmhartigheid

- **Spesiale deurkollekte: Sondag 9 Februarie.** Die NHSV is dankbaar dat die Kommissie van die AKV jaarliks elke tweede Sondag van Februarie uitsonder vir die opneem van 'n spesiale kollekte ten bate van die **Beurs- en Leningsfonds van die NHSV**. Ons is ook dankbaar dat gemeentes jaarliks ruim bydra tot die fonds. Die toekennings wat aan ons jongmense gemaak word vanuit hierdie fonds moet nie geringgeskat word nie, en het al menige student gehelp om sy of haar studies te voltooi. Die Hoofbestuur van die NHSV versoek gemeentes weer eens om op **Sondag 9 Februarie** hierdie verdienstelike saak te ondersteun. Inbetalings kan gedoen word in die volgende rekening: NHSV Hoofbestuur; ABSA; 4051454181. Stuur 'n bewys van betaling na finansies@nhsv.org.za. *Opvoeding is ons paspoort na die toekoms. Want môre behoort aan die mense wat dit vandag voorberei (Malcolm X).*

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n eenslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. **Johannes Postmus** beskik oor 'n eenslaapkamer-huureenheid teen R5 520 per maand. Hierdie lieflike grondeenheid is ook in Brooklyn geleë, naby 'n winkelsentrum. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergewone met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

'n Gedig

Skeerspieëltjie

Eers kraak spieël
dan verskyn
in splinters lig
voue van die okkerneut:
Spieëltjie? spieëltjie?
Ja, nè!
gewis nie mooiste in die land.

Langs ken en neus
dwarslangs bokant wimpers
lê die keep
gegeut deur grief
en trane van die oog en
skandelik
selfs van neus die druppels
nie van dou.

Mens oes geen koring
van die dorings
op die ken

gelukkig is daar spore van
kraaipootjies
en die kelkiewyn.

Merwe Scholtz

(Uit: *Grimas 1969-1973*, 1976)

Toerusting

- **Jeugbediening (aanlynkursus) by UP**
Begin Vrydag 28 Februarie
Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R2 500
Plek: Aanlyn
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Bybelskool by Gemeente Wapadrant

Die ontstaan van die Bybel en ons etiese uitdagings vandag

Aanbieder: Prof Andries van Aarde

Wanneer: 17 & 18 Februarie 2020 om 19:00

Waar: Keeshondstraat 546, Garsfontein

RSVP by die gemeentekantoor 012 361 5016

kantoor@diekerk.com



- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**
2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September
2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart
Skripsie: April 2021
Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies
Plek: Westview Metodistekerk, Centurion
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za
- **Brugbedieningskursus by UP**
Week 1: 27-30 Julie
Week 2: 9-12 November
Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
Plek: UP
Kursuspunte: 70
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg: Diamantkompetiesie**
Kaartjies te koop @ R50 elk
Die volgende pryse kan gewen word:
1ste prys: 0,55 karaat diamant (waarde R17 000)
2de prys: R4 000
3de prys: Slagskaap
Trekking: Vrydag 14 Februarie tydens Valentyns-Diamantaand
Wenners sal telefonies in kennis gestel word
Navrae: Bernette van Straaten 082 445 6732
- **Gemeente Waterval Boven** hou op **Saterdag 7 Maart** hul jaarlikse **karp-hengelkompetiesie** by Milly's se dam, naby Machadodorp. Inskrywingsgeld is R250 per persoon en die eerste prys is R5 000 vir die swaarste karp. Kontakpersoon: Anita Booyse 072 590 1052.
- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
Koop 'n pakket van 200, 50 of 70 boekies
Maak wins van 75% of 50%
Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
18 Augustus by Silver Lakes.
Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Allegaartjie

As hierdie land 'n euro kon verdien vir elke komitee, ondersoek en nuwe wet wat uitgedink word wanneer 'n probleem sy kop uitsteek, het ons al 'n skool vir elke township gebou en sommer Eskom ook gefieks. Ons hou van nuwe planne. Daar moet 'n komitee wees, en dié moet 'n ondersoek van stapel stuur en dan moet almal dit bespreek. Dit is 'n prosesgedrewe kultuur. Die gedans om die vuur is belangriker as die gaarheid van die tjops op die kole. (Marnus Hattingh, Padlangs, in Beeld se Motors en meer, Donderdag 16 Januarie 2020)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Almagtige God en in Christus ons hemelse Vader,
wees die mense van hierdie land genadig.
Vergewe tog ons harde hart
en ons minagting vir u gebooië.
Verlos ons van die trots waarmee ons onself mislei,
die vooroordele wat ons verblind
en die haat wat ons vernietig.
Gee ons leiers die wysheid
en die geduld
en die nederigheid
om by U rigting te vra vir die pad vorentoe.
Mag u waarheid hulle lei,
u sin vir regverdigheid
hulle gewetes aanspreek,
en u liefde hulle harte oopmaak
vir mekaar se standpunte
– sodat u wil in ons land gedoen kan word.

Cecil Kerr

(Uit: Die groot gebedeboek, Piet Naudé, 2014)